| | |
|---|---|
| *VERSLAGWAARDIG* | *JA/NEE* |
| *SIRKULEER ONDER REGTERS* | *JA/NEE* |
| *SIRKULEER ONDER LANDDROSTE* | *JA/NEE* |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (NOORD-KAAPSE AFDELING)

***KIMBERLEY***
***SAAK NO.: CA&R 122/2006***
***DATUM AANGEHOOR:30-10--2006***
***DATUM GELEWER:24-11-2006***

In die Appél van:

POPPY OLIFANT APPELLANT

teen

DIE STAAT RESPONDENT

**CORAM: S A MAJIEDT R et C C WILLIAMS R:**

# *UITSPRAAK*

**WILLIAMS R:**

1. Die appellant is op 26 Oktober 2005 in die Streekhof te Kimberley skuldig bevind aan moord en gevonnis tot 10 (tien) jaar gevangenisstraf. Sy kom nou in hoër beroep teen die vonnis haar opgelê.

2. Die feite aanvaar deur die verhoorhof en waarop die skuldigbevinding berus kan kortliks as volg opgesom word:

2.1 Die appellant tesame met die oorledene en ‘n groep ander mense het die betrokke dag onder ‘n boom by die appellant se huis gesit en drink. Toe die gaste later gereed maak om te vertrek het die appellant die oorledene teruggeroep. By die deur van haar huis het die appellant ‘n mes te voorskyn gebring en die oorledene twee keer daarmee gesteek. Een van hierdie steekhoue het die regterlong deurboor wat dan ook die dood van die oorledene veroorsaak het.

3. Die enigste grond van appél deur die appellant geopper is dat die vonnis haar opgelê skokkend swaar is gesien in die lig van haar persoonlike omstandighede.

4. Die appellant se persoonlike omstandighede is as volg:

4.1 Sy is 43 jaar oud en ongetroud maar het ‘n saamleefverhouding met ‘n man gehandhaaf ten tye van die voorval.

4.2 Sy het vier kinders waarvan twee minderjarig is, onderskeidelik 17 en 10 jaar oud.

4.3 Sy het geen skolastiese opleiding gehad nie.

4.4 Sy is ‘n eerste oortreder.

4.5 Sy ly aan hoë bloeddruk en ontvang medikasie daarvoor.

5. Die misdryf waaraan die appellant skuldig bevind is resorteer onder Deel II van Bylae 2 van Wet 105 van 1997, waarvoor ‘n

minimum vonnis van 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf voorgeskryf word vir 'n eerste oortreder. *In casu* het die verhoorlanddros juis die gunstige persoonlike omstandighede van die appellant inaggeneem en bevind dat dit wesenlike en dwingende omstandighede daarstel wat die oplegging van 'n mindere vonnis as die voorgeskrewe regverdig. Vandaar die 10 (tien) jaar gevangenisstraf opgelê.

6. Dit is geykte reg dat 'n Hof van Appél nie ligtelik met vonnis inmeng nie tensy daar 'n mistasting begaan is deur die verhoorhof en hy nie sy diskresie ten opsigte van vonnis redelikerwys uitgeoefen het nie, of waar die vonnis skokkend onvanpas of swaar is. Sien *S v Pieters* 1987(3) SA 717(A).

7. Geeneen van die bogenoemde faktore, wat inmenging op appél regverdig, het betrekkinig op die vonnis die appellant opgelê nie en maak mnr. Cloete wat namens die appellant optree tereg hierdie toegewing.

8. Die appellant het geen verduideliking verskaf vir haar optrede nie. Inteendeel, sy het deurgaans gepoog om die verloop van geregtigheid te uitoorlê deur eers vir Inspekteur Fourie, wat die toneel na die voorval besoek het, te vertel dat die oorledene in haar eie mes geval het en later in die verhoorhof te getuig dat sy, in 'n stoeiery met die oorledene (deur die oorledene begin),

per ongeluk die oorledene raakgesteek het met ‘n mes waarmee sy besig was om aartappels te skil. Na my mening is hierdie optrede van die appellant sprekend daarvan dat sy geen berou het vir haar dade nie.

9. Alles in ag genome is ek van mening dat die verhoorhof die appellant met besonderse genade gevonnis het en is daar geen meriete in die appél nie.

**Die appél word van die hand gewys.**

___________________________

C C WILLIAMS
REGTER

Ek stem saam.

___________________________

S A MAJIEDT
REGTER

Nms. Appellant: Adv. J Cloete, Kimberley Regshulpraad

Nms. Respondent: Adv. C Stamper
Kantoor van die Direkteur van Openbare Vervolgings, Noord-Kaap